


TEMMERS VAN DIE WOESTYN · No 32

## INHOUD


| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| I | Hannah, Die Vegter | 5 |
| II | Verraad | 19 |
| III | Vasgekeer | 36 |
| IV | Stoffel Se Einde | 53 |
| V | Verwoesting In Die Nag | 68 |
| VI | Flitsende Messe | 85 |
| VII | Die Slag | 98 |



STAATSBIBLIOTEEK

VERSAMELING: RSANB

RAKNr.: 54-14940

TYDELIKE RAKNr.: 839.362 BOT

DOBIS KOPIE Nr.: 33474


HOOFSTUK I

## HANNAH, DIE VEGTER

'N HALFUUR lank sit sy nou al hier op die bruin perd se rug in die weldadige skaduwee van die ou vaal kameeldoringboom. Links van haar is die walle van die droë Nossobrivier en regs die uitgestrekte rooibruin woestynaarde besaai met soutbos en ghwarrie, met doer in die verte 'n paar brakpanne waarop die soutlaag wit glinster in die strale van die vroeë oggendson wat sy hitte reeds deeglik laat voel.

Reg noord van haar wei 'n troppie gemsbokke. Deur haar verkyker het sy reeds gesien dat hulle in 'n besonder goeie kondisie is. Party kap kopspelend gate in die sand, terwyl andere mekaar speels met die venynige skerp horings skrikmaak. Iewers, dit weet sy, moes 'n bui reën deurgetrek het—dit kan tien myl, twintig myl of meer verder noord gewees het. Sy hoop arme Kobie loop 'n lap goeie weiveld raak. Hy is nou al drie dae weg uit die kamp op soek na nuwe weiding. 'n Glimlaggie plooi om haar welgevormde mond as sy aan hom dink. Kobie wat met sy veldvernuf en -kennis die geselskappie gelei het na hul huidige kampplek, 15 myl laer af, amper by die samevloei van die Nossob- en die Auobrivier.

Oom Gert Viljoen, die trekleier, het gesê die man is mal om hulle in hierdie droë, verlate rivierbeddings in te sleep. Hulle moes liewer noordwaarts hou, maar Kobie het hulle oorgehaal om hom te volg.

„Oom Gert," het hy gesê, „hier is min kos vir die grootvee, maar hier is water."

„Water?" Oom Gert het sy ruie snor 'n wilde pluk gegee. „Waar die joos kom jy daaraan, man?"

„En oom 'n ou trekker?" het hy goedig geantwoord. „Het dit oom nog nie opgeval hoe baie wild hier skielik tevoorskyn gekom het nie? Gemsbokke . . ."

„Man dis gemsbokwêreld," het die oubaas teengekap. „En buitendien weet jy self dat die gemsbok wat uithouvermoë

teen dors betref, maklik die kameel se moses is. Ek het jou gisteraand nog gewys op die talle gate wat die bokke in die rivierbedding gegrawe het om die sappige veldboswortels by te kom wat vir hulle genoeg water verskaf om dae lank van te leef. Maar water—water wat mens en dier kan drink!" Hy het sy kop geskud.

„Oom," het Kobie volhard, „in een van hierdie dwars sandslote van die rivier is water, al kan ons dit nie sien nie. Ek gaan soek totdat ek dit kry." En Kobie het dit gekry in 'n dwarslopie van die rivier. Dit was 'n stroom water wat nêrens na bo uitgeslaan het nie, maar die wildspore het Kobie reguit daarheen gelei, na 'n spleet in die rotse wat geen tien voet breed is nie. En waar die skeur doodloop, is 'n skuins val van slegs drie voet in die soliede rotse en in daardie sloot borrel helder vars water verby. Dit kom eenkant uit die aarde en verdwyn 'n paar tree verder aan weer. 'n Paar haak-en-steek-bosse wat vir Kobie byna onnatuurlik „lewendig" in die woesteny voorgekom het, het hom in hierdie klofie laat opdwaal en toe hy die bok- en selfs leeu- en luiperdspore gewaar, wis hy dat hy dit getref het. As daardie rotse nie eeue gelede om die een of ander rede oopgebars het asof 'n reusehand hulle van mekaar gedruk het nie, sou hy nooit die lewendgewende vog gekry het nie.

Daar is kamp opgeslaan—dit was twee maande gelede al—en nadat die trekkers eers die jagluiperds en leeus wild en wakker daar weggeskiet het, en sterk doringtakskerms gebou het om die bokke uit te hou en die grootvee in te hou, het hulle 'n voortjie deur die rots na buite gekap sodat die vee en die wild behoorlik kon drink—die vee in die kamp saans en die wild verderaf waar die stroompie weer in die sand verdwyn. Kobie wat 'n diere liefhebber is, het met behulp van die paar seuns in die kamp selfs 'n ruwe dammetjie 500 tree onderkant die kamp in die rotse gekap sodat die diere kon drink sonder om die sandbedding tot 'n pappery te trap om die water by te kom. Dit het die roofdiere ook om die kamp gelei instede van reguit kamp toe, hoewel daar gedurig teen leeus gewaak moes word, altans aan die begin. Nou weet die roofdiere al van beter!

Maar, en 'n diep frons verskyn tussen Hannah Fouché se diepbruin oë, daar is ander gevare wat die geselskappie by sy klein oase bedreig het. Hierdie gevare is juis die oorsaak



dat sy vanmôre so vroeg hier so ver van die kamp af in die wildernis vertoef. Met Kobie weg van die kamp af, is sy die aangewese persoon om as verkenner op te tree want een en almal erken dat hulle nie vir Hannah Fouché kan kers vashou as dit by hierdie soort werk te staan kom nie.

Wakker van gees, onverskrokke met 'n vlymskerpe en helder verstand wat haar binne 'n sekonde die regte besluit kan laat neem en manmoedig deurvoer, het hierdie kind van die woestyn haar eie stempel afgedruk net waar sy gegaan het. Haar kennis van die wildernis en sy inwoners en gevare, 'n kennis geleer in die harde skool van die ervaring laat haar kop en skouers bo ou en ervare trekkers uitstaan. Die naam Hannah Fouché was spoedig wyd en syd deur die Noordweste bekend en toe dit later rugbaar geword het dat sy Kobie Ras se nooi is, het haar glans nog 'n bietjie hoër en verder geskitter want watter boer—en vyand—ken nie die onverskrokke Kobie Ras nie? Kobie, die man wat eintlik Hannah se leermeester was, nie alleen in veldvernuf en kennis nie, maar wat haar geleer skiet het met vuurwapens klein en groot sodat sy vandag Kobie se portuur is. Om haar met linker- of regterhand met 'n rewolwer sommer van die heup af te sien skiet, is om jou mond te laat oophang. Daarby het sy haarself geleer om 'n vangtou te hanteer en die bees of vyand wat dink dat hy Hannah se vangtou kan ontsnap al seil haar bruinperd ook teen dolle vaart onder haar voort, misgis hom deeglik.

Die glase van die verkyker flikker kort-kort in die oggendson soos Hannah eers in hierdie rigting en dan in daardie rigting die wêreld betrag. Hulle is op die grens van Suidwes-Afrika en gerugte het reeds die trekkers bereik dat dwalende Boesmans en Hottentotte by tye soos roofdiere asof uit die niet op die trekboere toesak om te moor en te plunder en te roof. Maar volgens Hannah se mening is die grootste en gedugste vyand van almal Jonas Geel, wyd en syd bekend as die „Mamba" en sy bende Basters. Selfs die Hottentotte is skrikkerig vir hierdie moordenaars en veediewe. En dat die Mamba iewers in dié geweste is, is bekend aangesien 'n smous veertien dae gelede geen vyftien myl van die Witdraai-polisiepos deur die Basters vermoor is nie. 'n Konstabel het dan ook die geselskap onlangs spesiaal kom waarsku om op hul hoede teen hierdie genadelose slagters te wees.

„Onthou," het die konstabel gesê toe hy sy kameel bestyg het, „as die Mamba julle onverhoeds oorval, sal kind en kraai uitgemoor word. Hy ken die woord genade eenvoudig nie."

Hannah haal die verkyker 'n oomblik voor haar oë weg en verskuif effens in die saal om lekkerder te sit terwyl Fleur, haar bruinperd, roerloos onder haar bly staan. Sy kyk af na die bandolier om haar middel, en glimlag stilweg. Hierdie bandolier het Kobie spesiaal vir haar gemaak. Die sakkies aan die linkerkant bevat rewolwerkoeëls, met tussenin 'n skede waarin haar jagmes rus. Aan haar regterkant is die blink leersak waarin haar rewolwer met die ivoorbeslag-kolf rus, en voor haar aan die saalboom hang haar vangtou netjies opgerol, gereed vir oombliklike gebruik indien nodig. Die verkyker wat aan 'n riem om haar nek hang, is 'n geskenk van oom Gert Viljoen toe sy haar twintigste verjaardag gevier het.

„Fleur." Die bruinperd gooi sy ore agtertoe asof hy behoorlik luister na sy nooi se stem. „Toemaar, jong, ons ry nou-nou. Ek wil nog net 'n slaggie na daardie trop gemsbokke kyk," en sy lig weer die verkyker voor haar oë.

Die bokke wei nog ewe rustig en sy wil net die verkyker los, toe die trop skielik soos een man wegvlieg dat die sand in wolke opslaan. Een bok swaai egter eers 'n paar keer reg in die rondte, toe lê hy oop al met die rivieroewer langs reguit in haar rigting.

„Daar's fout," flits dit deur Hannah se kop en terwyl sy die verkyker met die een hand vashou, stoot sy haar breërand-kappie van haar bos swart krulhare af sodat dit agter in haar nek hang. Sy is nie eens bewus van hierdie gebaar nie, maar Hannah jaag nooit sonder om die kappie agtertoe te stoot nie want die wind sou dit tog maar met die wegspring elke keer van haar kop af ruk.

Die gemsbok loop al swenkende tussen die kameeldorings en haak-en-steek deur. Hannah bespied die omgewing agter die bok, want die wyse waarop die dier rondomtalie gedans het aleer hy laat spaander het, is vir haar 'n bewys dat iets die dier getref het. 'n Koeël was dit nie, want dan sou sy die skoot gehoor het.

Boesmans? Die gedagte is nog nie behoorlik deur haar brein nie of sy sien vier van die klein duiwelskinders ver agter die bok op die sandwal van die rivier verskyn. Hulle hardloop



'n gemaklike pas en sy weet dat hulle ure lank so sal aanhou totdat die bok dood in sy spore neerslaan. Die dier wat 'n Boesman kan uithardloop, moet nog gebore word.

Sy kyk weer na die bok. Die dier struikel 'n slag en slaan neer dat die stof so trek, maar spring dadelik weer op om voort te snel. Sy pas is nou aansienlik stadiger en Hannah besef dat die gif besig is om sy werk te doen.

Hannah soek weer met die verkyker na agter totdat sy die agtervolgers sien. Sy hou hulle dop en toe sy merk dat daar nog net vier is, besluit sy om tot aksie oor te gaan. Die bok sal weliswaar nie tot by die kamp kan hardloop nie, maar soos al die trekkers glo sy dat die enigste veilige Boesman 'n dooie Boesman is.

„Kom!" Sy tik Fleur aan die nek en pluk aan die teuels en die bruinperd skiet soos blits uit sy vier spore onder die kameeldoring uit. Die bok is nog 'n goeie agthonderd tree van haar af, met die Boesmans 'n goeie myl agter die bok. Hulle kan haar en die bok nie sien nie, danksy 'n plaat kameeldoring bo langs die rivier.

Hannah jaag tot naby die rivier, swenk tussen die bome uit tot op die randjie van 'n mooi oop kol en met 'n „Staan Fleur" ruk sy die dier in die bek. Hy stuit sy vaart met soveel geweld dat hy op sy agterlyf deur die sand skuur. Hy staan skaars of sy swaai al met die vangtou deur die lug dat die tou in sierlike kringe om haar heen sweef. Ritmies-egalig met 'n ligte beweging van haar hand suis die vangtou sierlik om haar heen.

Takke kraak skielik hier skuins bokant haar en die volgende oomblik kom die gemsbok slinger-slinger deur die bosse tevoorskyn. Hy is blind van pyn en uitgeput en hy weet nie eens wat hom om sy lang horings vang en met geweld grond toe ruk nie.

Toe hy neerslaan met die vangtou om sy kop, spring Hannah van Fleur se rug af en terwyl sy die tou inpalm snel sy na die bok toe, jagmes in die hand. Sy besef dat die dier op sy laaste is en sy wil in elk geval nie nou al haar aanwesigheid verraai deur te skiet nie. Sy is nog nie by hom nie, of hy gee 'n paar rukke en bly doodstil lê. Die Boesmans se pylgif het sy werk goed gedoen.

Vinnig haal sy die vangtou af, en terwyl sy terughardloop na Fleur, rol sy die tou behendig op. Sy spring op sy rug, hang die tou op sy plek en met 'n tikkie op sy nek laat sy Fleur vinnig 'n paar honderd tree vorentoe skiet.

Sy hou agter 'n dik kameeldoringstam stil, spring uit die saal en met 'n skaars waarneembare beweging blink die rewolwer in haar hand.

Sy sluip 'n entjie vorentoe, sien die gemsbokspore duidelik in die sand by haar en neem stelling agter 'n haak-en-steekbos in, haar oë byna toe soos sy na vore tuur, wagtende op die koms van die vier vyande.

Binne enkele minute verskyn die vier Boesmans om 'n soutbos. Hulle hardloop skuins agtermekaar al op die spoor van die bok langs. Die voorste een hou sy oog op die spoor, maar die ander drie kyk in alle rigtings, net soos wilde diere wat op die uitkyk na moontlike vyande is. Elkeen het sy pyl en boog in die hand.

Skielik weergalm die wêreld van 'n geweerskoot. 'n Stofkolletjie slaan vlakvoor die voorste Boesman uit die grond op. Die vier val soos een man plat en vir 'n oomblik is dit asof die aarde hulle verswelg het, so smelt hulle saam met die aarde.

Maar die leier vlieg skielik op, gevolg deur sy drie maats en hulle pyl rivier toe.

Geweerskote knetter en twee van die vier word half van die grond af gelig soos die koeëls hulle ruk en agteroor laat neerslaan. Die skote, dit besef Hannah nou, kom van die oorkantste rivierwal af.

Kan dit dalk Kobie wees wat die Boesmans gewaar en op hulle losgetrek het? Nee, flits dit deur haar brein, Kobie skiet nie mis nie—nie op so 'n kort afstandjie nie. Dit moet òf Hottentotte òf Basters wees!

Hannah wag nie om vas te stel wie die skuts is nie. Sy sluip terug na Fleur, spring op sy rug en laat hom versigtig tussen die bome deur beweeg weg van die gevaartoneel af. Om hom nou die spore te gee, sal net haar aanwesigheid aan die vyand verraai en hoewel sy weet dat geen perd, behalwe Kobie se swart hings Donker, vir Fleur kan inloop nie, wil sy nie die vyand kamp toe lok nie, afgesien daarvan dat hulle met geweers gewapen is en sy net 'n rewolwer by haar het. Hulle



kan haar van Fleur se rug afskiet lank voordat sy hulle met haar vuurwapen kan bykom.

Maar dis toe sy uit die lap kameeldorings kom en suidwaarts swenk, dat sy haar misgissing ontdek. Hier skuins bokant haar kom twee Basters aangery. Toe sy die twee wit volstruisvere op die een se hoed sien, ruk haar hart ineen. Daardie vere is die kenmerk van die Mamba!

Die spierwit perd waarop hy ry, is 'n ander aanduiding van wie die ruiter is. Die twee se aandag is nog toegespits op hul maats wat van oorkant af na die Boesmans geskiet het en vir 'n enkele oomblik hoop Hannah dat sy onopgemerk sal kan wegkom. Sy laat Fleur vinnig terugswenk bome toe, maar die Mamba wat toevallig in daardie rigting kyk, sien vir 'n oomblik die sonlig flits op Hannah se een stiebeuel. Die volgende oomblik blink sy geweerloop soos hy aanlê. Die koeël fluit geen duim van Hannah se kop verby nie.

„Fleur!" skreeu sy en asof iemand die perd met 'n warm yster gebrand het, skiet die bruine onder haar weg. Sy stuur hom tussen die bome deur maar besef dat die plaat bome nie ver strek nie en dan moet sy òf oor die kaal veld jaag òf die rivierbedding kies, waar die sand dik lê en die spoed moordend op Fleur sal inwerk.

Toe sy deur die bome bars, kyk sy vinnig om. Die Mamba en sy maat skiet, maar die koeëls gons wyd verby. Sy laat Fleur nou ooplê oor die aarde. Sy kyk weer om. Nog drie Basters het by hul leier aangesluit—die skuts wat die Boesmans getakel het.

Hulle het nou hul skietery gestaak en konsentreer net op een ding: om die meisie daar voor in te jaag en dan plat te trek.

Hannah skep moed. Sy gaan nog skoon onder hulle uitjaag. As sy eers die kamp haal, kan die Basters maar kom! Daar is vyf mans—almal goeie skuts, behalwe die vroumense en meisiekinders wat ook 'n geweer deeglik kan hanteer.

Myl na myl dreun die hoewegeklap oor die velde heen en stadig maar seker seil die bruinperd onder sy agtervolgers uit.

„Mooi ou Fleur!" skreeu Hannah, rooi in die gesig soos die windjie haar gebrand het. „Wys hulle . . ." Die volgende oomblik raak Fleur onder haar weg en Hannah

seil soos 'n lap oor sy kop om daar voor tussen die ghwarriebosse te val dat die droë takke so spat.

Sy vlieg op. Fleur het ook opgespring en kom mank-mank aangedraf.

Een blik na agter toon haar dat die vyf Basters nog steeds in dolle vaart aankom.

Sy gryp Fleur se linkervoorpoot. Daar sit 'n stuk skerp klip in die hoef—die oorsaak van sy val. Terwyl sy die verbouereerde dier paai pak sy die klipskerf en met 'n ruk geluk dit haar om die klipskerf uit te kry.

„Kom, my ou dier," en sy sit al weer in die saal. Fleur laat nie op hom wag nie, maar Hannah merk dadelik dat hy swaar vorder. Die hoef het 'n diep sny in en elke keer as die seerplek 'n tak of klippie tref, is dit asof Fleur se hele lyf 'n ruk gee.

Die koeëls begin nou om hulle gons, en sonder aarseling stuur sy Fleur rivier toe. In die sand sal dit swaar gaan, maar daar is minder kans dat die hoef verder beseer word. Toe Fleur met haar teen die sandwal afseil, sing 'n koeël venynig langs haar regterwang verby.

„Uithou, Fleur, uithou," praat sy die dapper bruine moed in terwyl hulle in die rivier af laat ooplê. „Ons *moet* uitkom jong, dis al!"

Terwyl hulle voortjaag, flits een plan na die ander deur Hannah se kop. Sy voel glad nie so seker dat sy eerste die kamp gaan haal nie en om haar koelbloedig van die perd se rug te laat afskiet soos 'n voël van 'n tak, staan haar ook nie aan nie. Voordat sy om 'n draai in die rivierloop verdwyn, kyk sy vinnig om, juis toe die voorste Baster bo om 'n draai verskyn. Sy wonder hoeveel in die rivier afkom en hoeveel bo op die wal langs jaag.

'n Ent voor haar sien sy een van die talle sandslote wat oral in die rivierwalle in sny. Die een daar voor ken sy want sy en Kobie het eendag 'n gewonde jagluiperd daarin agterna gesit. Sy kyk vinnig om, sien geen agtervolger nie, danksy die draai daar bo in die rivier, en swenk by die sloot in.

Die sandwal is net hoog genoeg om haar en Fleur te verskans vir die rivier-agtervolgers, hoewel iemand op die oorkantste wal hulle maklik sal kan sien. Sy hoop en bid net dat dié wat in die rivier ry, haar eerste sal bereik. Sy kan wel dieper in die sloot op ry, maar dan kan sy nie haar plan uitvoer nie en as hulle haar eers mis, sal hulle terugkom en elke sloot fynkam.



„Staan," en Fleur, dankbaar vir die verposing, bly roerloos staan. Hannah pluk haar rewolwer uit en haal hom oor, haar ore gespits op die klappende perdepote wat sy dofweg in die rivierbedding hoor aankom.

Toe die voorste Baster sowat tien tree van die sloot af is, sis Hannah hier in Fleur se oor, „Kom," en sy pluk hom aan die teuels.

Die bruinperd skiet in die rivier in, amper vas teen die voorste vyand.

Die Baster sien net Hannah se een hand roer, toe knal 'n skoot en die volgende oomblik val hy met 'n koeël deur sy slape van sy weghollende perd af. Hy is nog nie op die grond nie, toe knal twee skote en sy twee maats val slap uit hul saals, die een met sy geweer nog half oorgehaal.

„Nou's daar nog twee oor," som Hannah die posisie op terwyl sy Fleur onder die oorkantste wal indruk en van sy rug af spring. Sy skraap een van die dooies se gewere op en soos 'n dassie klim sy teen die sandwal uit en loer oor die rand. Die Mamba op sy witperd kom reguit soontoe aangejaag met sy maat 'n ent agter hom. Versigtig lê Hannah aan. Dis haar eerste kans wat sy kry om 'n skoot op die gevreesde Mamba te skiet en sy wil geen foutjie begaan nie.

Asof die Basterleier dit vir haar makliker wil maak, trek hy sy perd effens in en kom op 'n stywe galop aangery kort voor sy maat. Die Mamba is immers oortuig daarvan dat hy maar net na die lyk van die blanke meisie moet kom kyk. Aan gevaar droom hy nie.

Hannah neem dooie rus op die wal en trek die sneller, juis toe die Mamba effens na sy maat oorleun om hom iets toe te skreeu. Die koeël fluit onskadelik by sy kop verby. Die geweer wat waarskynlik baie vuil is, skop Hannah dat sy teen die wal afseil met 'n skouer wat heeltemal lam voel.

Sy kners op haar tande, skraap weer die vuurwapen en klouter terug na bo, terwyl sy die swaar geweer oorhaal.

Soos sy verwag het, het die Mamba en sy maat op die plek omgevlieg en hulle jaag nou om onder skoot uit te kom—die Mamba op sy blitsige witte los voor.

Sy lê aan en trek af. Weer ruk die geweer haar dat sy half agteroor steier maar die agterste Baster tuimel met 'n potsierlike handgebaar hemelwaarts van sy perd af.

Die Mamba se witte lê nou oop oor die veld soos hy wegjaag. Hy is waarskynlik onder die indruk dat hy en sy manskappe in 'n hele kommando trekkers vasgeloop het, want hoe kan een meisiemens drie van sy manne plattrek, en dit terwyl sy geen geweer by haar het nie?

Hannah hardloop terug na Fleur en met 'n „Huis toe!" spring sy in die saal en laat Fleur op 'n galop koers kry suidwaarts.

Fleur begin al weer kruppel loop, maar nou voel sy gerus, wetende dat die Mamba nie gou weer sy gesig daar sal kom wys nie, allermins alleen.

Ewe seker is sy egter dat dit nie die laaste sien van hom is nie. As daar een ding is wat die Mamba nie kan duld nie, dan was dit juis 'n terugslag van hierdie aard.

Kort duskant die kamp laat sy Fleur die rivierwal uitklouter en ry sy op die kamp af waar die drie tentwaens in 'n halfmaantjie getrek staan, duskant die veeskerms.

Oom Gert Viljoen, die waardige leier van die geselskap, kom Hannah vinnig tegemoet gestap, gevolg deur Maans Swart, 'n reus van 'n man, wat omrede sy mank been as „Ou Manke" bekend staan, Stoffel Steyn, 'n skraal jongman, en Koos „Buksie" Pienaar, vierkantig en geset maar met spiere van staal. Op hul hakke volg hul vrouens, tant Grieta Viljoen, Sannie Swart en Anna Pienaar—Stoffel Steyn is 'n wewenaar—en die meisies en seuns.

„Hannah, ons het skote gehoor en . . ."

„Oom Gert het reg gehoor," lag Hannah toe sy van Fleur afspring. „Lafras," sê sy vir „Manke" se oudste seun, „dokter tog Fleur se poot, jong, en versorg hom. Hy verdien dit."

„Wat het gebeur?" wil oom Gert en die res weet, terwyl Lafras ook 'n wyle vertoef om te hoor wat Hannah nou weer beleef het.

„Dè, my kind, drink eers 'n bietjie koffie," en tant Grieta Viljoen reik haar 'n beker stomende swart koffie.

Hannah beskryf die hele avontuur haarfyn. „Die Mamba sal seker weer van hom laat hoor," sluit sy haar relaas af.



„Beslis," sug oom Gert en trek sy vingers deur sy groot grys baard. „En daar kan nog meer Boesmans ook hoër op langs die Nossob kuier, veral as die bokke so vet is soos nou. Nou ja . . ."

„Daar kom kuiergaste, oom Gert," merk Mank Maas op en wys langs die rivier af.

„Twee mans te perd," merk Stoffel op, maar hy kyk na die negentienjarige Naomi, oom Gert en tant Grieta se dogter, asof hy wil sê : „ek gaan hulle en vir jou dophou!"

Hannah wat intussen haar verkyker voor haar oë gedruk het, sê met 'n ondeunde laggie : „Gits, mense, dis die twee lelikste mansmense wat ek in tye aanskou het. Hulle is in drukke gesprek met mekaar. Ek . . . ek hou niks van die uitdrukkings op hul gesigte nie," voeg sy by.

„Hannah, Hannah, oordeel nie, my kind," laat die vrome tant Sannie Swart hoor. „Kom," sê sy vir die kinders, „wat staan julle soos 'n klomp nuuskierige agies?"

Hulle gee pad saam met die vroumense, behalwe Hannah wat hier eenkant langs Lafras en sy broer Piet stelling inneem waar hulle besig is om Fleur se poot te ontsmet en salf aan te smeer.

„Dis 'n diep sny, Hannah," sê Lafras, „maar as Fleur bietjie kan rus, behoort hy gou-gou weer pure perd te wees. En daardie?" en hy knik na die twee mans wat nou sowat twintig tree van die groepie by die waens af is.

„Lyk vir my na skurke," merk Piet Swart brom-brom op.

„Kom ons staan nader," stel Lafras voor en die drie voeg hulle ongemerk by die boere.

Die twee besoekers spring van hul perde af en lei hulle aan die teuels nader. Die een 'n blok van 'n man met 'n byna swart gesig, die ene baard, en 'n paar oë wat amper wegraak onder ruie wenkbroue, steek sy hand na oom Gert uit. „Ek is Matt Steenberg. Dis my broer Len," en hy knik na die korter man wat 'n stoppelbaard het en wie se oë net so koud agter byna spierwit wenkbroue flits.

„Welkom, neefs," en oom Gert groet hulle met die hand en stel die res voor. „Piet," sê oom Gert vir die seun, „neem die neefs se diere en . . ."

„Dankie, maar ons is bietjie haastig," val Matt Steenberg die oubaas in die rede. „Ons het net gou bietjie besigheid